NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

5 Februarie 2024

AAN: Alle gemeentes
Direksie van die Kinderhuise
Direksie van die OTMT
NHSV Hoofbestuur
Personeel van die Sinodale Dienssentrum

**OMSENDSKRYWE NR 5/2024**

Geagte broers en susters

## KERKGELD VIR KERKWERKBELEGGINGS: VERHOGING IN RENTEKOERSE

Die Raad van Finansies is bewus van gemeentes en diensorgane se uitdagings om hul finansiële verpligtinge na te kom, en die gepaardgaande steun op die inkomste uit beleggings. Die Beleggingskomitee het by die Raad van Finansies aanbeveel om die rentekoers op beleggings in die Kerkgeld vir Kerkwerkstelsel vanaf 1 Januarie 2024 met 0.75% na 8.50% per jaar te verhoog. Die aanpassing in die koers spruit uit die beleggingstrategie waaraan die Raad van Finansies uitvoering gegee het. Ons wys u daarop dat die aanpassing in rentekoerse op ’n maand-tot-maand-basis gewysig kan word afhangende van die prestasie van die kollektiewe beleggings.

Met die rentekoersverhogings en die bonusrente wat gedurende die finansiële jaar aan gemeentes uitbetaal is, bring dit die effektiewe rentekoers op 8.02% te staan.

Hou in gedagte dat fondse uit die Kerkgeld vir Kerkwerkstelsel onmiddellik opvraagbaar is en dat ’n opbrengs van 8.50% goed vergelyk met ander instellings se opbrengste op soortgelyke beleggings. Die stelsel word deur ’n span kundiges bestuur en die Raad hou getrou ’n wakende ogie oor die portefeulje.

Die Raad wil u langs hierdie weg bedank vir u volgehoue ondersteuning. U is welkom om my te kontak indien u enige vrae het.

Sterkte met u werk in die gemeente en gemeenskap.

Vriendelike groete

**Mnr JJP Hattingh**
***Bedryfshoof: Sinodale Dienssentrum***

012 322 8885 x3008
johan@nhk.co.za